Isoniasied word deur hepatiese arielamien N-asetieltransferase tipe 2 (NAT-2) gemetaboliseer. Isoniasied word na ge-N-asetileerde na N-asetielisoniasied in reaksies wat asetiel-koA gebruik. Asetielisoniasied word deur die niere uitgeskei; asetielisoniasied kan ook deur CYP2E1 na asetielhidrasien omgeskakel word en dan na hepatotoksiese metaboliete. Alternatiewelik kan asetielhidrasien verder deur NAT-2 na di-asetielhidrasien wat nie toksies is nie, ge-asetileer word. Die opruiming van isoniasied in pasiënte word geklassifiseer as een van twee fenotipiese groepe: "stadige" en "vinnige" asetileerders. Vinnige asetileerders sal asetielhidrasien verwyder, terwyl stadige asetileerders of induksie van CYP2E1 tot meer toksiese metaboliete sal lei.
Eliminasie
Die halfleeftyd van isoniasied wissel van 1,1 ± 0,1 ure vir vinnige asetileerders en 3,1 ±1,1 ure vir stadige asetileerders. Tot soveel as 75 - 95 % van 'n dosis isoniasied word binne 24 uur in die uriene uitgeskei, hoofsaaklik as asetielisoniasied en isonikotiensuur.

Pirasinamied
Absorpse
Die orale biobeskikbaarheid van pirasinamied is > 90 %; K_{max} 35 μg/ml (19 - 103 μg/ml); t_{max} 8 ure.
Verspreiding
Pirasinamied word 20-voudig in die voeringsvloeistof van die longepiteel gekonsentreer. Ongeveer 10 % van pirasinamied word deur mikrosomale deamidase na pirasinoësuur (POA) gemetaboliseer en daarna na 5-hidroksi-POA gehidroksileer, wat dan deur die niere uitgeskei word.
Eliminasie
Cl (opruiming) en V_d (volume van verspreiding) neem toe namate die massa van die pasiënt toeneem (0,5 l/uur en 4,3 l vir elke 10 kg bó 50 kg en V_d is groot in mans (met 45 l). Die $t_{1/2}$ van pirasinamied sal op grond van massa en geslag wissel. Die suiwering van pirasinamied word in nierversaking verminder, daarom word die frekwensie van dosering verminder na drie keer per week in pasiënte met lae glomerulêre filtrasietempos. Pirasinamied word deur dialise verwyder. Daarom word herdosering na elke dialisesessie vereis.

Etambutol
Absorpse
Die orale biobeskikbaarheid van etambutol is ongeveer 80 %; K_{max} van 2 - 5 μg/ml; t_{max} van 2 - 4 ure.
Verspreiding
Ongeveer 10 - 40 % is proteïengebonde.
Metabolisme
Alkoholdehidrogenase oksideer etambutol na 'n aldehied, wat dan deur aldehieddehidrogenase na dikarboksielsuur geoksideer word. 80 % van etambutol word egter gladnie gemetaboliseer nie en word deur die niere uitgeskei. Daarom behoort etambutol teen 15 - 25 mg/kg, drie keer per week in plaas van daagliks, in pasiënte met nierversaking toegedien te word, selfs in pasiënte wat hemodialise ondergaan.
Eliminasie
Weens herverspreiding is die afname in etambutol bi-eksponensieel, met 'n $t_{1/2}$ van 3 ure in die eerste 12 ure en $t_{1/2}$ van 9 ure tussen 12 en 24 ure.

INDIKASIES
RIMTIB TABLETS word gebruik in die aanvanklike fase van behandeling van pulmonêre en ekstra-pulmonêre tuberkulose in nuwe volwasse pasiënte en die herbehandeling van alle pasiënte.

KONTRA-INDIKASIES
RIMTIB TABLETS word teenaangedui in:
- Pasiënte met 'n hipersensitiwiteit teen rifampisien, isoniasied, pirasinamied, etambutol of ander chemies verwante medikasies of teen enige van die eksipiënte van **RIMTIB TABLETS**.
- Die teenwoordigheid van geelsug of aktiewe lewersiekte.
- Pasiënte met optiese neuritis.
- Pasiënte met ingekorte nier- of lewerfunksie.
- Kinders jonger as 13 jaar oud.
- Gelyktydige gebruik van nevirapien (sien INTERAKSIES).

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS
Lewerfunksie behoort nagegaan te word vóór en gedurende behandeling en spesiale sorg behoort aan die dag gelê te word in pasiënte met alkoholisme, bejaardes en diegene met reeds bestaande lewersiekte.
Sorg behoort aan die dag gelê te word met die gebruik van **RIMTIB TABLETS** in die volgende pasiënte:
- Ingekorte nierfunksie: Dosisaanpassing mag nodig wees volgens die serumkonsentrasies van etambutol. Toename in die risiko van isoniasiedtoksisiteit in nierversaking.
- Gesigsdefekte: Indien visuele afwykings gedurende behandeling sou voorkom, moet hulle onmiddellik aangemeld en **RIMTIB TABLETS** gestaak word, afhangende van visuele evaluering. Optiese neuritis het na slegs 'n paar dae van behandeling voorgekom. Die meeste gevalle is na 'n paar weke of maande omkeerbaar. Visuele veranderinge kan unilateraal of bilateraal wees. Daarom behoort elke oog afsonderlik, asook beide oë saam getoets te word. Retinale bloeding het minder dikwels voorgekom.
- Pasiënte met 'n risiko van neuropatie of piridoksientekort, insluitende diegene met diabetes, alkoholisme, ondervoed, uremies of swanger; piridoksienaanvulling (in 'n daaglikse dosis van 10 tot 50 mg) word gewoonlik in hierdie gevalle vereis.
- Pasiënte met 'n geskiedenis van jig.
- Pasiënte met porfirie.
- Pasiënte met epilepsie aangesien dit stuipaanvalle kan presipiteer.
- Pasiënte met 'n geskiedenis van psigose.
- Pasiënte met diabetes: pirasinamied kan met urienketoonbepalings inmeng.
- Rifampisien kan die effek van orale voorbehoedmiddels verminder en pasiënte behoort aangeraai te word om na nie-hormoon metodes van geboortebeperking oor te skakel terwyl hulle **RIMTIB TABLETS** neem.
- Behandeling met **RIMTIB TABLETS** kan 'n rooi verkleuring van die uriene, trane en speeksel veroorsaak. Kontaklense kan onherstelbaar verkleur word.

In die volgende gevalle behoort die behandeling met **RIMTIB TABLETS** onmiddellik gestaak en die pasiënt geëvalueer te word:
- Uitslag en koors (geassosieer met isoniasied en rifampisien).
- Neiging tot bloeding (trombositopenie, purpura), skok.
- Nierversaking (geassosieer met rifampisien).
- Ingekorte gesig (geassosieer met etambutol). Periodieke oogondersoeke gedurende behandeling word voorgestel.
- Geelsug (geassosieer met isoniasied, rifampisien en pirasinamied).
- Verhoogde lewerensieme geassosieer met die kliniese tekens van hepatitis soos naarheid en braking of moegheid.

Lewerfunksiebepalings word op ALT en AST konsentrasies (d.i. serumalanien en aspartaat aminotransferase konsentrasies) gebaseer.

Hierdie toetse mag maandeliks gedurende behandeling nodig wees, veral in bejaardes, swanger vroue en diegene met reeds bestaande lewerbeskadiging. Erge en soms fatale hepatitis is aangemeld.

Effekte op die vermoë om te bestuur en met masjinerie te werk
RIMTIB TABLETS kan duiseligheid, ingekorte konsentrasie en/of lomerigheid veroorsaak. Pasiënte behoort aangesê te word dat as hulle hierdie simptome ondervind, hulle potensieel gevaarlike take soos motor bestuur en met masjinerie werk, moet vermy.

INTERAKSIES
Rifampisien:
Rifampisien induseer mikrosomale ensieme en kan daarom die opruiming van medisyne wat deur die lewer gemetaboliseer word, versnel.
Voorbeelde van medisyne wat deur sitochroom P 450 ensieme gemetaboliseer word is:
- Anti-disritmiese middels (bv. disopiramied, meksiletien, kinidien, propafenoon, tokainied, verapamiel),
- Anti-epileptika (bv. fenitoïen),
- Hormoonantagoniste (anti-estrogene bv. tamoksifen, toremifen, gestrinoon),
- Anti-psigotika (bv. haloperidol, aripiprasool),
- Anti-koagulante (bv. warfarien),
- Swamwerende middels (bv. flukonasool, itrakonasool, ketokonasool, vorikonasool),
- Anti-virusmiddels (bv. sakinavir, indinavir, efavirens, amprenavir, nelfinavir, atasanavir, lopinavir, nevirapien),
- Atovakuoon,
- Barbiturate (bv. heksabarbitoon),
- Beta-blokkeerders (bv. bisoprolol, propanolol),
- Ansiolitika en hipnotika (bv. diasepaam, bensodiasepien, soplikloon, solpidem),
- Kalsiumkanaal blokkeerders (bv. diltiaseem, nifedipien, verapamiel),
- Anti-bakteriese middels (bv. chlooramfenikol, klaritromisien, dapsoon, doksisiklien, fluorokinolone, telitromisien),
- Simetidien,
- Kortikosteroïede,
- Hartglikosiede (digoksien),
- Klofibraat,
- Sistemiese hormonale voorbehoedmiddels,
- Estrogeen,
- Anti-diabetiese middels (bv. chloorpropamied, tolbutamied, sulfonilureas, rosiglitasoon),
- Immuunonderdrukkende middels (bv. siklosporien, sirolimus, takrolimus),
- Irinotekan,
- Tiroïedhormoon (bv. levotiroksien),
- Losartaan,
- Pynstillers (bv. metadoon, narkotiese pynstillers),
- Prasikwantel,
- Progestogene,
- Kinien,
- Riluzool,
- Selektiewe 5-HT3 reseptorantagoniste (bv. ondansetron),
- Statiene wat deur CYP 3A4 gemetaboliseer word (bv. simvastatien).
- Sulfasalasien,
- Teofillien,
- Trisikliese antidepressante (bv. amitriptilien, nortriptilien).

Pasiënte wat orale kontrasepsie gebruik behoort aangesê te word om na nie-hormonale metodes van geboortebeperking gedurende terapie met **RIMTIB TABLETS** oor te skakel. (sien WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS).

Die gelyktydige gebruik van alkohol, parasetamol, isoniasied en ander hepatotoksiese medikasie kan die voorkoms van rifampisiengeïnduseerde hepatotoksisiteit verhoog.

Die effektiwiteit van estrogeenbevattende orale preparate word verminder.

Daar is aangetoon dat terapeutiese vlakke van rifampisien die standaard mikrobiologiese bepalings vir serumfolaat en vit. B12 inhibeer. Alternatiewe bepalingsmetodes behoort oorweeg te word.

Verbygaande verhogings van bilirubien is aangemeld. Weens kompetisie vir biliêre uitskeiding kan rifampisien die biliêre uitskeiding van kontrasmedia wat vir die visualisering van die galblaas gebruik word, inkort. Daarom behoort hierdie toetse vóór die oggenddosis van rifampisien en derhalwe **RIMTIB TABLETS** uitgevoer te word.

Die gelyktydige toediening van teensuurmiddels kan die absorpsie van rifampisien verminder. Die daaglikse dosisse van **RIMTIB TABLETS** behoort ten minste een uur voor die inname van 'n teensuurmiddel toegedien te word.

As pirasinamied-aminosalisielsuur en **RIMTIB TABLETS** saam in 'n behandelingsregimen ingesluit word, behoort hulle nie minder as agt ure uit mekaar toegedien nie word om bevredigende bloedvlakke te verseker.

Die potensiaal vir lewertoksisiteit word met narkose verhoog.

Wanneer **RIMTIB TABLETS** saam met halotaan of isoniasied toegedien word, neem die potensiaal vir hepatotoksisiteit toe. Die gelyktydige gebruik van **RIMTIB TABLETS** en halotaan behoort vermy te word. Pasiënte wat beide rifampisien en isoniasied, soos bevat in **RIMTIB TABLETS** neem, behoort noukeurig vir hepatotoksisiteit gemonitor te word.

Antiretrovirusmiddels:
Rifampisien, soos bevat in **RIMTIB TABLETS**, kan die metabolisme van sidovudien, die NNTTIs delavirdien, efavirens, en nevirapien en die MIV-proteaseïnhibeerders induseer, wat tot sub-terapeutiese plasmakonsentrasies lei. Verder inhibeer MIV-proteaseïnhibeerders die metabolisme van rifampisien, wat tot verhoogde plasmakonsentrasies van rifampisien en 'n toename in die voorkoms van newe-effekte lei.

Die gelyktydige gebruik van **RIMTIB TABLETS** en nevirapien word teenaangedui (sien **KONTRA-INDIKASIES**).

Rifampisien, soos bevat in **RIMTIB TABLETS**, verminder die konsentrasie van efavirens en daar word aanbeveel dat die efavirens dosis in pasiënte wat meer as 60 kg weeg, verhoog word.

Isoniasied:
Die chroniese gebruik van isoniasied kan die plasma-opruiming en die duurte van werking van alfentaniel, kumaren anti-stolmiddels (warfarien), anti-epileptika (bv. fenitoïen, primidoon, karbamasepien, etosuksimied), bensodiasepiene (bv diasepam), chloorsoksasoon en teofillien verleng. 'n Toepaslike aanpassing van die anti-stuipmiddel kan nodig wees. Die gelyktydige gebruik van parasetamol, alkohol, rifampisien en ander hepatotoksiese medisyne kan die potensiaal vir isoniasiedgeïnduseerde hepatotoksisiteit verhoog.

Aluminiumbevattende teensuurmiddels kan die absorpsie van isoniasied vertraag en die serumkonsentrasies daarvan verlaag. Die inname van sekere soorte kaas bv. switsers of cheshire, of vis bv. tuna kan tot 'n jeukerige vel, vinnigkloppende hart, kouerillings of hoofpyn lei. Glukokortikoïede kortikosteroïede kan die lewermetabolisme en/of uitskeiding van isoniasied verander. Die gelyktydige gebruik van siklosserien, disulfiram en ander neurotoksiese medisyne kan die potensiaal van SSS-toksisiteit verhoog.

Isoniasied kan ook die metabolisme van enfluraan verhoog, wat tot die vorming van potensieel nefrotoksiese anorganiese fluoriedmetaboliete kan lei. Interaksies met ketokonasool en mikonasool is aangemeld. Vals-positiewe reaksies met die kopersulfaat urienglukosetoets kan voorkom.

Antivirusmiddels:
Die opruiming van isoniasied word ongeveer verdubbel wanneer dit saam met saksitabien toegedien word. **RIMTIB TABLETS** behoort met sorg saam met stavudien en salsitabien gebruik te word aangesien stavudien, salsitabien en isoniasied geassosieer is met die ontwikkeling van perifere neuropatie. Daar is aangetoon dat die gebruik van **RIMTIB TABLETS** saam met stavudien die voorkoms van perifere neuropatie verhoog.

Pirasinamied:
Pirasinamied kan die effektiwiteit van jigterapie (bv. allopurinol, kolgisien, probenesied of sulfinpirasoon) verlaag en dosisaanpassings van hierdie medisyne mag nodig wees. Pirasinamied kan die serumkonsentrasies van siklosporien verlaag wat moontlik tot onvoldoende immuunonderdrukking kan lei. Die gebruik van pirasinamied en derhalwe **RIMTIB TABLETS** en ander diuretika: Die bykomende potensiaal vir die verhoging van serumuraatvlakke behoort oorweeg te word.

Etambutol:
Die gelyktydige toediening van neurotoksiese medisyne saam met etambutol kan neurotoksiese effekte soos optiese en perifere neuritis potensieer.

SWANGERSKAP EN LAKTASIE
Die veiligheid is nie in swangerskap vasgestel nie. Al die komponente van **RIMTIB TABLETS** word in borsmelk uitgeskei. Die veiligheid gedurende laktasie is nie vasgestel nie.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS
Neem **RIMTIB TABLETS** met 'n vol glas water een uur vóór of 2 ure na 'n maaltyd. As gastrointestinale irritasie egter voorkom, kan die tablette saam met voedsel geneem word. As aluminiumbevattende teensuurmiddels geneem word, moet dit een uur vir die tabletdosis geneem word.

Die aanbevole dosisse, gebaseer op die pasiënt se liggaamsmassa, toegedien vir die 2-maande aanvanklike behandeling in volwassenes en kinders ouer as 13 jaar is as volg:

Voor-behandelings liggaamsmassa	Een keer daaglikse dosering
30 - 37 kg	2 tablette
38 - 54 kg	3 tablette
55 - 70 kg	4 tablette
71 kg en meer	5 tablette

NEWE-EFFEKTE
Newe-effekte geassosieer met rifampisien
Afwykings van die bloed- en limfstelsel:
Minder dikwels: Bloeddiskrasieë, ongewone bloeding of kneusing, trombositopenie, purpura, hemolise, eosinofilie, leukopenie, hemolitiese anemie, agranulositose.

Afwykings van die immuunstelsel:
Frekwensie onbekend: Lupusagtige sindroom. 'n 12-uur Griepsindroom wat gewoonlik na 3 - 6 maande van behandeling voorkom, gewoonlik met dosisse van 20 mg/kg of meer; kan as koors, kouekoors, beenpyn en malaise, kortademigheid en hyging presenteer; afname van bloeddruk en skok; akute hemolitiese anemie, akute nierversaking, gewoonlik weens buisnekrose of akute interstisiële nefritis; anafilakse.

Afwykings van die senuweestelsel:
Frekwensie onbekend: Hoofpyn, lomerigheid, duiseligheid, ataksie, gevoelloosheid, verwardheid en algemene gevoelloosheid.

Oogafwykings:
Minder dikwels: Onduidelike gesig, gesigsafwykings, oogirritasie.

Gastrointestinale afwykings:
Dikwels: Naarheid, braking, anoreksie, buikongemak, diarree en epigastriese ongemak.
Minder dikwels: Pseudomembraneuse kolitis.

Hepatobiliêre afwykings:
Minder dikwels: Hepatitis (wat fataal mag wees), prodromale hepatitissimptome wat die verlies aan eetlus, naarheid of braking en ongewone moegheid of swakheid kan insluit.

Afwykings van die vel en subkutane weefsels:
Dikwels: Kutane reaksies wat tipies uit hittegloede en jeuk, met of sonder uitslag bestaan.
Minder dikwels: Meer ernstige kutane hipersensitiwiteitsreaksies, toksiese epidermale nekrolise, afskilferende dermatitis, pemfigoïede reaksies, erythema multiforme insluitende Stevens-Johnson se sindroom en vaskulitis.

Muskuloskeletale en bindweefselafwykings:
Dikwels: Spierswakheid en miopatie.

Nier- en urienafwykings:
Minder dikwels: Interstisiële nefritis, verandering van nierfunksie, nierversaking, ontoereikende bynierfunksie in pasiënte met beklemde bynierfunksie.

Afwykings van die reproduksiestelsel en bors:
Minder dikwels: Afwykings van die menstruele siklus, afname in die effektiwiteit van orale voorbehoedmiddels.

Algemene afwykings en kondisies by die plek van toediening:
Dikwels: Rooi-oranje verkleuring van die uriene, feses, speeksel, sputum, sweet en trane. Kontaklense kan permanent verkleur word.
Minder dikwels: Swam oorgroeiing bv. seer mond en tong.
Frekwensie onbekend: Edeem.

Newe-effekte geassosieer met isoniasied:
Afwykings van die bloed- en limfstelsel:
Minder dikwels: Verskeie hematologiese afwykings, insluitende anemie, eosinofilie, sideroblastiese anemie, agranulositose, hemolitiese anemie, trombositopenie, neutropenie, aplastiese anemie.

Afwykings van die immuunstelsel:
Minder dikwels: Hipersensitiwiteitsreaksies insluitende verskeie velerupsies, koors, limfadenopatie, vaskulitis en anafilakse, lupusagtige reaksies.

Metabolisme en voedingsafwykings:
Minder dikwels: Hiperglukemie, metaboliese asidose, pellagra.

Psigiatriese afwykings:
Minder dikwels: Psigotiese reaksies (gekenmerk deur delusies, hallusinasies en verwardheid).

Afwykings van die senuweestelsel:
Dikwels: Perifere neuropatie.
Minder dikwels: Polineuritis geassosieer met parestesie, spierswakheid, verlies aan tendonrefleksie, stuipaanvalle, toename in die frekwensie van stuipaanvalle in pasiënte met epilepsie, ingekorte geheue, toksiese enkefalopatie.

Oogafwykings:
Minder dikwels: Optiese neuritis (onduidelike gesig of gesigsverlies, met of sonder oogpyn).

Afwykings van die oor en labirint:
Minder dikwels: Vertigo.

Gastrointestinale afwykings:
Dikwels: Diarree, naarheid en braking, maagpyn, hardlywigheid, droë mond, pankreatitis, epigastriese ongemak.

Hepatobiliêre afwykings:
Dikwels: Hepatitis (erg en soms fataal), verhoogde lewerensieme met kliniese tekens van hepatitis (verlies aan eetlus, naarheid of braking, ongewone moegheid of swakheid); die voorkoms van lewerbeskadiging is die hoogste in pasiënte ouer as 35 jaar, diegene wat stadige asetileerders is, asook dié wat alkohol op 'n daaglikse basis gebruik.

Afwykings van die vel en subkutane weefsel:
Frekwensie onbekend: Kutane reaksies insluitende uitslag, akne, Stevens-Johnson se sindroom, afskilferende dermatitis, pemfigus, lupusagtige, erteemagtige reaksies.

Muskuloskeletale en bindweefselafwykings:
Frekwensie onbekend: 'n Rumatieksindroom, hiperrefleksie.

Nier- en urienafwykings:
Minder dikwels: Urienretensie.

Afwykings van die reproduksiestelsel en bors:
Minder dikwels: Ginekomastie.

Newe-effekte wat met pirasinamied geassosieer word.
Afwykings van die bloed- en limfstelsel:
Minder dikwels: Sideroblastiese anemie, trombositopenie.

Afwykings van die immuunstelsel:
Minder dikwels: Angioëdeem.

Metabolisme en voedingsafwykings:
Minder dikwels: Pellagra.

Gastrointestinale afwykings:
Minder dikwels: Anoreksie, naarheid, braking, agteruitgang van maagulkus.

Hepatobiliêre afwykings:
Dikwels: Hepatotoksisiteit (dit wil voorkom asof die frekwensie dosisafhanklik is).

Afwykings van die vel en subkutane weefsels:
Minder dikwels: Fotosensitiwiteit, veluitslag, pruritus.

Muskuloskeletale, bindweefsel- en beenafwykings:
Dikwels: Artralgie wat met hiperurisemie verband hou.
Minder dikwels: Jigagtige artritis.

Nier- en urienafwykings:
Minder dikwels: Disurie.

Algemene afwykings en kondisies by die plek van toediening:
Minder dikwels: Malaise, koors.

Newe-effekte geassosieer met etambutol:
Afwykings van die bloed- en limfstelsel:
Minder dikwels: Leukopenie, eosinofilie, trombositopenie.

Afwykings van die immuunstelsel:
Minder dikwels: Hipersensitiwiteitsreaksies insluitende veluitslag, pruritus, koors, leukopenie en gewrigspyn.

Psigiatriese afwykings:
Minder dikwels: Verwardheid, disoriëntering, hallusinering.

Afwykings van die senuweestelsel:
Dikwels: Hoofpyn, duiseligheid, perifere neuropatie.

Oogafwykings:
Minder dikwels: Optiese neuritis, retrobulbêre neuritis met 'n afname in visuele skerpheid wat lyk asof dit dosisverwant is en wat mees dikwels met daaglikse dosisse van 25 mg/kg liggaamsmassa en na 2 maande van terapie voorkom; vernouing van die gesigsveld; sentrale of perifere skotoom en groen/rooi kleurblindheid wat een of beide oë aantas.

Gastrointestinale afwykings:
Dikwels: Buikpyn, anoreksie, naarheid, braking, en metaalsmake.

Hepatobiliêre afwykings:
Minder dikwels: Geelsug, verbygaande lewerdisfunksie.

Muskuloskeletale, bindweefsel- en beenafwykings:
Minder dikwels: Akute jigagtige artritis.

Nier- en urienafwykings:
Minder dikwels: Afname in die nieropruiming van uraat.

Algemene afwykings en kondisies by die plek van toediening:
Minder dikwels: Malaise.

BEKENDE SIMPTOME VAN OODOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN
Vir simptome van oordosering, verwys na **NEWE-EFFEKTE**. Die behandeling van oordosering bestaan uit maagspoeling, simptomatiese en ondersteunende terapie.

IDENTIFIKASIE
Ligte dofgeel, bikonvekse, kapsulevormige, filmbedekte tablet met ongedrukte oppervlakkies aan beide kante.

AANBIEDING
HDPE houer:
Silwergekleurde, driedubbel gelamineerde aluminium sakkie (PET/Al/LLDPE) in 'n wit plastiese (HDPE) houer wat by die mond met aluminium geseël word en met 'n wit HDPE skroefdeksel afgesluit is. Pakgroottes sluit 500 en 1000 tablette in.
Stolpverpakking:
Silwergekleurde aluminiumbasis foelie met 'n ambergekleurde (PVC/PE/PVdC) dekfoelie. Die stolpstrokie word in 'n voorafgedrukte karton verpak. Pakgroottes sluit 28 (1 stolpstrokie van 28 tablette), 56 (2 stolpstrokies van 28 tablette), 84 tablette (3 stolpstrokies van 28 tablette), 112 tablette (4 stolpstrokies van 28 tablette) en 100 (10 stolpstrokies van 10 tablette) in.
Strookverpakking:
Tablette word in silwergekleurde aluminiumfoelie (sag getemper), gelamineer met lae digtheid poliëtileen film as die dek-en vormingsmateriaal. Die aluminium strook word in 'n voorafgedrukte karton verpak. Pakgroottes sluit 28 (1 strokie van 28 tablette), 56 (2 strokies van 28 tablette), 84 tablette (3 strokies van 28 tablette), 112 tablette (4 strokies van 28 tablette) en 100 (10 strokies van 10 tablette) in.

BERGINGSINSTRUKSIES
Berg by of onder 25 °C. Beskerm teen vog en lig.
Hou die aluminiumsakkie in die HDPE tot wanneer vir gebruik benodig word.
Hou die stolpstrokie of strookverpakking in die karton tot wanneer vir gebruik benodig word.
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS

REGISTRASIENOMMER
49/20.2.3/0381

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE
Macleods Pharmaceuticals SA(Edms.) Bpk.
Kantoorblok 1,
Bassonia Estate Office Park (Oos),
Cussonialaan 1,
Bassonia Rock, Uitb. 12,
Alberton.

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET
25 November 2016

INLIGTINGSBLAADJIE VIR PASIËNTE

SKEDULERINGSTATUS
S4

EIENDOMSNAAM, STERKTE EN FARMASEUTIESE VORM
RIMTIB TABLETS (Filmbedekte tablet).
Rifampisien 150 mg, isoniasied 75 mg, pirasinamied 400 mg, Etambutolhidrochloried 275 mg

LEES DIE HELE BROSJURE SORGVULDIG VOORDAT U BEGIN OM RIMTIB TABLETS TE NEEM
- Hou hierdie blaadjie. U mag dit moontlik weer wil lees.
- Indien u enige verdere vrae het, moet u asseblief u dokter of apteker raadpleeg.
- **RIMTIB TABLETS** is vir u persoonlik voorgeskryf en u behoort nie u medisyne met ander mense te deel nie. Dit mag hulle skade aandoen, ookal het hulle dieselfde simptome as u.

WAT RIMTIB TABLETS BEVAT
Elke filmbedekte tablet bevat:
Rifampisien 150 mg, isoniasied 75 mg, pirasinamied 400 mg, Etambutolhidrochloried 275 mg.
Suikervry.
Eksipiënte: skellak, gesuiwerde talk, povidon, dinatriumedetaat, anhidriese kolloïdale silika, mieliestysel, kroskarmellose natrium, krospovidoon, kalsiumstearaat, hipromellose, polivinielalkohol, lesitien (soja), Xanthan kougom, kleurstowwe (titaandioksied, sonskyngeel).

WAARVOOR RIMTIB TABLETS GEBRUIK WORD
RIMTIB TABLETS is 'n antimikrobiese middel wat in die behandeling van tuberkulose (TB-infeksie) in volwassenes gebruik word.

VOORDAT U RIMTIB TABLETS NEEM
Moenie RIMTIB TABLETS neem as u aan enige van die kondisies hieronder ly nie:
- As u hipersensitief (allergies) teen rifamisiene is, insluitende rifampisien, isoniasied, pirasinamied, etambutol of enige van die ander bestanddele van **RIMTIB TABLETS**.
- As u aan enige soort lewersiekte of geelsug (geel verkleuring van die vel en oë) ly.
- As u trombositopenie en purpura (kneusing, neusbloei of bloeding in die mond en tandvleis, veluitslag met speldepunt rooi kolletjies) ontwikkel terwyl u **RIMTIB TABLETS** neem.
- As u aan enige oogsiekte bv. inflammasie van die oogsenuwees (optiese neuritis) ly.
- **RIMTIB TABLETS** behoort nie aan kinders jonger as 13 jaar oud gegee word nie.
- Die gelyktydige gebruik saam met nevirapien (medisyne wat vir die behandeling van MIV gebruik word).

Neem spesiale sorg met RIMTIB TABLETS
- Voordat u **RIMTIB TABLETS** neem, moet u u dokter in kennis stel:
- As u aan 'n nier- of lewersiekte ly.
- As u aan alkoholisme ly.
- As u aan porfirie ly.
- As u aan epilepsie ly.
- As u 'n geskiedenis van jig het.
- As u 'n diabeet is.
- As u orale voorbehoedmiddels gebruik, behoort u na alternatiewe metodes van geboortebeperking te verander.

Terwyl u **RIMTIB TABLETS** neem:
- Moet u onmiddellik u dokter in kennis stel as u enige oogprobleme of probleme met u sig waarneem.
- As u 'n diabeet of alkoholis is, of ondervoed is en u ly aan 'n niersiekte, en u het 'n risiko om gevoelloosheid of swakheid van u arms en bene te ontwikkel, sal u dokter bykomende piridoksienaanvulling (vitamien B6) voorskryf.
- Kan u uriene, stoelgang, speeksel, sweet en trane verkleur wees.
- Kan u kontaklense permanent verkleur.

Die neem van RIMTIB TABLETS saam met voedsel en vloeistof
RIMTIB TABLETS behoort sonder voedsel geneem te word. Vermy tiramienbevattende voedsel (bv. kaas, rooiwyn) en histamienbevattende kosse (bv. katonkel, tuna en tropiese vis). Vermy alkohol.

Swangerskap en borsvoeding

> As u swanger is of u baba borsvoed, moet u asseblief u dokter, apteker of ander professionele gesondheidswerker vir advies nader voordat u **RIMTIB TABLETS** neem.

Die veiligheid van **RIMTIB TABLETS** gedurende swangerskap en borsvoeding is nie vasgestel nie.

Bestuur en die gebruik van masjinerie
RIMTIB TABLETS kan duiseligheid, ingekorte konsentrasie en/of lomerigheid veroorsaak. As u duiselig of lomerig voel terwyl u **RIMTIB TABLETS** neem, moet u nie bestuur of met enige gereedskap of masjinerie werk nie.

Die neem van ander medisyne saam met RIMTIB TABLETS:
RIMTIB TABLETS kan die effek van ander medisyne en ander medisyne kan die effek van **RIMTIB TABLETS** beïnvloed.
Terwyl u **RIMTIB TABLETS** neem, is dit veral belangrik om u dokter of professionele gesondheidswerker daarvan in kennis te stel as u enige van die volgende neem:
- Parasetamol, aspirien, en ander pynstillers.
- Teensuurmiddels wat magnesiumtrisilikaat, aluminiumhidroksied of natriumbikarbonaat bevat.
- Medisyne wat gebruik word om epilepsie te behandel soos etosuksimied, fenitoïen en karbamasepien.
- Medisyne soos itrakonasool, flukonasool en ketokonasool wat gebruik word om swaminfeksies te behandel.
- Kortikosteroïede wat vir inflammatoriese kondisies gebruik word.
- Teofillien wat in hoesmiddels en asmamedikasie gebruik word.
- MIV-medisyne soos sidovudien, delavirdien, efavirens, nevirapien, sakinavir, ritonavir, lopinavir, durunavir, atasanavir, fosamprenavir, stavudien en salsitabien.
- Tiroïedhormone.
- Orale hipoglukemiese medisyne, soos gebruik in behandeling van diabetes (bv. chloorpropamied, tolbutamied, sulfonilureas, rosiglitasoon)
- Medisyne gebruik vir jig (bv. allopurinol, kolgisien, probenesied of sulfinpirasoon).
- Ander medisyne, insluitende tamoksifen, toremifen (vir borskanker), gestrinoon (vir endometriose), halotaan verdowingsmedisyne), asatioprien, siklosporien, sirolimus, takrolimus (immuunonderdrukkers), atovakoon, chlooramfenikol, siklosserien, dapsoon, doksisiklien, (medisyne gebruik vir infeksies), simetidien (gebruik vir maagulkusse), klofibraat, simvastatien (verlaag cholesterol), warfarien (verdun die bloed), diasepam, amitriptilien, nortriptilien (vir angs en depressie), sopikloon, solpidem (vir slaapafwykings), heksobarbitoon (sedeermiddel), haloperidol, mariprasool (vir geestesiektes), metadoon (vir pyn), sulfasalasien (gebruik vir rumatiese artritis en inflammatoriese dermsiekte), kinien (gebruik in malaria), irinotikan (vir kanker), disulfiram (vir alkoholafhanklikheid) en medisyne soos digoksien, disopiramied, lorkaïnied, meksilitien, propafenoon, kinidien, tokainied, verapamiel, propranolol, enalapriel, losartan, gebruik in die behandeling van hartsiektes.
- Enfluraan, gebruik in algemene narkose behoort nie saam met **RIMTIB TABLETS** gebruik te word nie.
- Alkohol.

> Stel altyd u professionele gesondheidswerker in kennis as u enige ander medisyne gebruik. Dit sluit komplementêre en tradisionele medisyne in.

HOE OM RIMTIB TABLETS TE NEEM

> Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is met enigiemand anders deel nie.
> Neem **RIMTIB TABLETS** altyd presies soos deur u dokter voorgeskryf. Bevestig met u dokter of apteker as u onseker is. As u van mening is dat die effek van **RIMTIB TABLETS** te sterk of te swak is, moet u u dokter of apteker raadpleeg.

U dokter sal die aantal tablette wat u daagliks benodig op grond van u liggaamsmassa voorskryf.
Die tablette behoort verkieslik op 'n leë maag (een uur vóór of twee ure na 'n maaltyd) as 'n enkeldosis geneem te word. As maagirritasie egter voorkom, kan die tablette saam met voedsel geneem word.
RIMTIB TABLETS behoort ten minste een uur voor die inname van aluminiumbevattende teensuurmiddels geneem te word.

Die aanbevole aantal **RIMTIB TABLETS**, gebaseer op die pasiënt se liggaamsmassa, toegedien vir die 2-maande aanvanklike behandeling in volwassenes en kinders ouer as 13 jaar is as volg:

Voor-behandelings liggaamsmassa	Een keer daaglikse dosering
30 - 37 kg	2 tablette
38 - 54 kg	3 tablette
55 - 70 kg	4 tablette
71 kg en meer	5 tablette

Moenie die gebruik van RIMTIB TABLETS staak omdat u beter voel nie.
As die volle behandeling soos deur u dokter voorgeskryf, nie voltooi word nie, mag sommige van die bakterieë wat vir die TB-infeksie verantwoordelik is, nie gedood word nie. Hierdie bakterieë kan aanhou om te groei en vermenigvuldig sodat die infeksie nie heeltemal opklaar nie, of dit kan terugkeer.

As u te veel RIMTIB TABLETS geneem het
Simptome sluit naarheid, braking maagpyn, duiseligheid, hoë bloedsuikervlakke, hoë suurvlakke in die bloed, hallusinasies, moeilike met asemhaling en onderdrukking van die sentrale senuweestelsel met stuipaanvalle en koma. Ander tekens van oordosering sluit helder rooi verkleuring van die vel en slymvliese, afname in geestelike skerpheid, swelling van die gesig en oë en algemene jeuk.
As enige van hierdie simptome voorkom, moet u onmiddellik mediese hulp kry deur u dokter of professionele gesondheidswerker te raadpleeg.

> In die geval van oordosering, raadpleeg u dokter of apteker. As hulle nie beskikbaar is nie, kontak u naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

As u vergeet het om RIMTIB TABLETS te neem
As u vergeet het om 'n dosis **RIMTIB TABLETS** te neem, moet u dit neem sodra u daarvan onthou. As dit egter byna tyd vir die volgende dosis is, slaan die oorgeslaande dosis oor en gaan met die gereelde doseringskedule voort. Moet nooit die dosis verdubbel nie.

MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE
Stel u dokter onmiddellik in kennis of gaan na die naaste hospitaal, u het moontlik dringende mediese aandag nodig as u een van die volgende waarneem:
- Rooi en/of jeukerige vel, blasies of puisies.
- Swelling van die gesig, lippe, tong of keel wat moeite met asemhaling of sluk veroorsaak.
- Kortademigheid en hyging.
- Verwardheid, slaperigheid, koue, klam vel, vlak of moeilike asemhaling, vinnige hartklop of u vel is bleker as normaal. Hierdie kan tekens van skok wees.
- Blaasvorming, velafskilfering, bloeding, korsvorming of vloeistofgevulde kolle op enige gedeelte van die vel.
- Skielike veranderinge in sig, onduidelike of verwronge sig.
- Bloed in die uriene of enige afwykings in urinering, swelling veral van die bene, enkels of voete.
- Koors, kouekoors, hoofpyn of duiseligheid.
- Kneusing, neusbloeding of bloeding van die mond en tandvleis, uitslag met speldepunt rooi kolletjies.
- Moegheid, swakheid, malaise (algemene gevoel van ongesteldheid), anoreksie (verlies aan eetlus), naarheid of braking.
- Onvermoë om rooi en groen te sien.

Stel u dokter onmiddellik in kennis as u enige van die volgende newe-effekte waarneem, veral as hulle 'n paar weke nadat u met die behandeling met RIMTIB TABLETS gestaak het, voorkom:
- Erge maagkrampe.
- Waterige en erge diarree, wat ook bloederig kan wees.
- Koors in kombinasie met een of beide van bogenoemde.

U mag aan 'n ernstige kondisie van die dermkanaal ly wat dringende mediese aandag vereis.
Moenie enige medisyne vir diarree neem voordat u nie u dokter geraadpleeg het nie.

Stel u dokter in kennis wanneer u een van die volgende waarneem en dit u bekommer:
- Geel verkleuring van die vel of oë.
- Sooibrand, anoreksie, naarheid, braking, winderigheid, krampe of diarree, hardlywigheid, droë mond, agteruitgang van maagulkus, metaalsmaak.
- Hoofpyn, lomerigheid, moegheid, onvermoë om te konsentreer of verwardheid.
- Gevoelloosheid en prikkeling in die hande of voete.
- U stuipaanvalle raak erger of u begin om stuipaanvalle te kry.
- Swak koördinasie, spierswakheid, spierpyn, pyn in die vingers of tone, warm vel oor die aangetaste gewrigte, gevoelloosheid, ongewone toename in refleksie en trekkings.
- Mondsproei - wit kolletjies, seer tong en mond.
- Onduidelike sig, of verlies aan sig met of sonder oogpyn, oogirritasie.
- Menstruele afwykings.
- Tydelike gehoorverlies.
- Vertigo (duiseligheid met 'n draaigevoel).
- Vergroting van die borste.
- Veluitslag, gloede en jeukerige vel, aknee.
- Geestesiekte met vreemde of kommerwekkende gedagtes of buie, korttermyn geheueverlies, tekort aan skerpheid en reaktiwiteit.
- Waterretensie (edeem) wat swelling van die gesig, maag, arms of bene kan veroorsaak.
- Toename in dors, meer gereelde toiletbesoeke en moegheid: u suiker bloedvlakke mag hoog wees.

Nie al die newe-effekte wat vir **RIMTIB TABLETS** aangemeld is, word in hierdie brosjure ingesluit nie. As u algemene gesondheid agteruitgaan of as u enige ongewone effekte ondervind terwyl u **RIMTIB TABLETS** neem, moet u asseblief u dokter, apteker of ander professionele gesondheidswerker om advies raadpleeg.
As u enige newe-effekte ondervind wat nie in hierdie brosjure genoem word nie, moet u asseblief u dokter of apteker raadpleeg.

OPBERGING EN WEGDOEN VAN RIMTIB TABLETS
Berg by of onder 25 °C.
Hou die aluminiumsakkie in die HDPE tot wanneer vir gebruik benodig word. Hou die stolpstrokie of strookverpakking in die karton tot wanneer vir gebruik benodig word.
Bewaar hierdie medisyne weg van lig en vog.
Enige medisyne wat verval het en enige ongebruikte medisyne kan na u apteker teruggeneem word.
BERG ALLE MEDISYNE BUITE DIE BEREIK VAN KINDERS.

AANBIEDING
RIMTIB TABLETS
HDPE houer:
Silwergekleurde, driedubbel gelamineerde aluminium sakkie (PET/Al/LLDPE) in 'n wit plastiese (HDPE) houer wat by die mond met aluminium geseël word en met 'n wit HDPE skroefdeksel afgesluit is. Pakgroottes sluit 500 en 1000 tablette in.
Stolpverpakking:
Silwergekleurde aluminiumbasis foelie met 'n ambergekleurde (PVC/PE/PVdC) dekfoelie. Die stolpstrokie word in 'n voorafgedrukte karton verpak. Pakgroottes sluit 28 (1 stolpstrokie van 28 tablette), 56 (2 stolpstrokies van 28 tablette), 84 tablette (3 stolpstrokies van 28 tablette), 112 tablette (4 stolpstrokies van 28 tablette) en 100 (10 stolpstrokies van 10 tablette) in.
Strookverpakking:
Tablette word in silwergekleurde aluminiumfoelie (sag getemper), gelamineer met lae digtheid poliëtileen film as die dek-en vormingsmateriaal. Die aluminium strook word in 'n voorafgedrukte karton verpak. Pakgroottes sluit 28 (1 strokie van 28 tablette), 56 (2 strokies van 28 tablette), 84 tablette (3 strokies van 28 tablette), 112 tablette (4 strokies van 28 tablette) en 100 (10 strokies van 10 tablette) in.

IDENTIFIKASIE
Ligte dofgeel, bikonvekse, kapsulevormige, filmbedekte tablet met ongedrukte oppervlakkies aan beide kante.

REGISTRASIENOMMER
49/20.2.3/0381

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE
Macleods Pharmaceuticals SA(Edms.) Bpk.
Kantoorblok 1,
Bassonia Estate Office Park (Oos),
Cussonialaan 1,
Bassonia Rock, Uitb. 12,
Alberton.

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE INLIGTINGSBROSJURE
25 November 2016

MACLEODS

PACKAGING RESEARCH & DEVELOPMENT

Restricted Circulation

(Front Page)

ARTWORK / PRINTPROOF APPROVAL FORM

Note : Change in composition of coating materials.

1. Product: RIMTIB TABLETS	
2. Country: South Africa	3. Packaging component: Package Insert & Patient Information Leaflet
4. No. of Colours: 1 Colour	5. Pantone Shade No.: Black
6. Specification: 40 gsm bible paper	
7. Machine Layout No.: NA	8. Dimensions: 435 x 490 mm
9. Design / Style: NA	10. Item code No.: PM02508303
11. Artwork has been made: Actual Size	12. Pharma code No.: 27677 mini
13. Barcode/NDC no: NA	14. Supersedes Item code No: PM02508302
15. Revision no: 02	16. File Name E:\ANDA Regulatory\South Africa\RIMTIB\MS\RIMTIB TABLETS PI & PIL PM02508303.cdr
Approved By:	17. Location: Daman

PRD	M.A. HOLDER	RAD	QC	PRODN.	QA
08/09/24	Vanita Rajoo	08/09/24	09/09/24	09/09/24	09/09/24

Note: 1. To follow overleaf checklist for approval of Artwork / Print proof.

Instructions to Vendor :

1. Before processing, please ensure First pull out / Commercial supply should match with approved Artwork with respect to Design, Size, Fonts & Text.
2. Print proof to represent full printing area with Station Numbers.

FRM/CQA/021/04-01

Reason for revision :	Item code	Artwork Release Date	Artwork Implementation Date
1) New Artwork for South Africa	PM02508301	31-10-17	08/02/2018
2) Address change	PM02508302	12-6-18	27/06/2018
3) Change in composition of coating materials.	PM02508303		